



# KLEINMOND

## STRAATWAG / STREET WATCH

kleinmondsw@gmail.com

6<sup>de</sup> Algemene Jaarvergadering

6<sup>th</sup> Annual General Meeting

Woensdag/Wednesday 22 Mei/May 2019, 18:00,  
Stadsaal/City Hall

## Notule / Minutes

### 1. Verwelkoming / Welcome

Die voorsitter, Gustave Erlank verwelkom almal.  
The chairperson, Gustave Erlank welcomes everybody.

### 2. Opening

Ds Jannie Hougaardt open die vergadering met Skriflesing en gebed.  
Rev Jannie Hougaard opens the meeting with Scripture reading and prayer.

### 3. Konstituering / Constituting

3.1 Presensielys is op rekord; 47 lede is teenwoordig. / Attendance register on record; there are 47 members present.

3.2 Verskonings van 11 lede is ontvang. / Apologies of 11 members were received.

### 4. Notule van die 5de AJV / Minutes of the 5th AGM (21 Junie/June 2018)

4.1 Korreksies en bywerkings / Corrections and additions

Geen. / None.

4.2 Goedkeuring / Approval

Die notule word goedgekeur op voorstel van Hugo Krijnauw, gesekondeer deur John Tanton. / The minutes are approved as proposed by Hugo Krijnauw and seconded by John Tanton.

### 5. Sake uit die notule / Matters arising from the minutes

Alle sake uit die notule is deur die bestuurskomitee hanteer. / The management committee attended to all matters arising from the minutes.

### 6. Voorsitter se jaarverslag / Annual report from the chairperson

Die voorsitter, Gustave Erlank, hou die jaarverslag aan die vergadering voor en lig die belangrikste punte uit. Dit is volledig beskikbaar op KSW se webwerf. / The chairperson, Gustav Erlank, tables the annual report and highlights important topics. The report is on the KSW website.

Die vergadering neem kennis met dank. / The meeting take cognisance with thanks.

### 7. Finansiële verslag en begroting / Financial report and budget

Die tesourier, John Tanton, lê die finansiële verslag en begroting ter tafel. / The treasurer, John Tanton, tables the financial report and budget.

Dit word goedgekeur. / It is approved.

## **8. Aanstelling van ouditeure / Appointment of auditors**

Die Bestuurskomitee beveel aan dat Snibbe Accounting weer aangestel word. / The Management Committee proposes the appointment of Snibbe Accounting.

Dit word goedgekeur. / It is approved.

## **9. Voorgestelde Spesiale Aanslaggebied / Proposed Special Rating Area**

Vic Brink lig die vergadering in oor die jongste stand rakende die voorgestelde KSAG (sien punt 6 in die jaarverslag). / Vic Brink informs the meeting about the latest developments in the proposed KSRA process (see par 6 in the annual report).

Kennis geneem. / Cognisance taken.

## **10. Bekragtiging van wykskoördineerders en gekoöpteerde lede as lede van die KSW-bestuurskomitee**

### **Endorsement of ward co-ordinators and co-opted members as members of the KSW Management Committee**

Die volgende persone word goedgekeur as lede van die KSW-bestuurskomitee: / The following persons are endorsed as members of the KSW management committee:

Johan Carstens	Heuningkloof
John Tanton	Klein Berlyn
Vic Brink	Berg-Oos/Mountain East
Vakant	Berg-Wes/Mountain West
Johan Toerien	See-Oos/Sea East
Pieter Scholtz	See-Wes/Sea West
Hugo Krijnauw	Palmiet-Noord/North
Annie van der Berg	Palmiet-Suid/South
Ellsworth October	Noord-Wes/North West
Sonia Jones	KNW (gekoöpteer)
Gustave Erlank	Gekoöpteer

## **11. Verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter / Election of a chairperson and vice-chairperson**

Vic Brink neem die voositterstoel in en die volgende persone word eenparig verkies: / Vic Brink takes the chair and the following persons are elected unanimously:

Voorsitter / Chairperson: Gustave Erlank

Ondervoorsitter / Vice-chairperson: Hugo Krijnauw

## **12. Algemeen / General**

Geen besprekingspunte is vooraf ingedien nie. / No matters for discussion were submitted before the meeting.

## **13. Ope bespreking / Open discussion**

Die volgende insette word aangeteken: / The following input is recorded:

Die volhoubaarheid en nuttigheid van patrollies is in die weegskaal. Ons moet begin om tegnologie in te span. / The sustainability and value of patrols are in question. We have to start implementing technology.

Sekuriteitskameras vir Kleinmond: Die bestuurskomitee sal ondersoek instel na die moontlikheid om bestaande kameras in privaatbesit by 'n eenvormige sisteem in te skakel. Die koste kan moontlik deur KSW gedra word en plaaslike sekuriteitsmaatskappye se beheerkamers kan gebruik word. / Security cameras for Kleinmond: The management committee will investigate the possibility to link existing privately own cameras in a single system. The cost can be carried by KSW and local security companies can be asked to monitor the cameras in their control rooms.

Sonder die vestiging van 'n SAG vir Kleinmond sal dit onbekostigbaar wees om 'n kontrolekamer met 'n reaksie-eenheid in stand te hou. / Without the creation of an SRA for Kleinmond the maintenance of a control room with a reaction unit will be unsustainable.

Die beheerkamer is die belangrikste element in die hele sisteem. Daar moet 'n behoorlike implementeringsplan wees. So 'n plan is reeds deel van die voorgestelde KSAG sakeplan. / The control room is the most important element in the system. A proper implementation plan is important. Such a plan is already part of the proposed KSRA business plan.

Dit is belangrik om nie konflik met sekuriteitsmaatskappye te skep nie. / It is important not to cause conflict with security companies.

Uit gesprekke tussen KSW en sekuriteitsmaatskappye is dit duidelik dat hulle positief is en betrokke sal wil raak. / From talks with security companies it is clear that they are positive and would want to be involved.

Die regulasies bepaal tans dat 60% van eiendomseienaars se instemming nodig is om 'n SAG te vestig. Almal sal moet help om dit reg te kry. / Current regulations stipulate that a 60% consent from property owners is needed to establish an SRA. Everybody's help will be needed to achieve this.

Vir die plasing van kameras langs Hoofweg sal die Provinsie goedkeuring moet gee. / The provincial government has to give its consent before cameras can be erected along Main Road.

Al die besluite hieroor hou verband met die hoeveelheid geld wat beskikbaar is. / All decisions will be influenced by the funds available.

Al die sisteme in die hele Hangklip/Kleinmond gebied moet met mekaar versoenbaar wees. / All the systems in the Hangklip/Kleinmond area should be compatible.

Suksesverhale uit dorpe waar dit reeds werk, kan 'n belangrike bydrae lewer om mense te oortuig dat kameras die moeite werd is. / The success stories from other towns where these systems are already in operation can convince people that cameras are the way to go.

KSW het 'n gebeurlikheidsplan opgestel en inoefening sal gedoen word sodra dit goedgekeur is. Dit word tans aangepas om aan te sluit by die rampbestuursplan soos opgeneem in die hersiene GOP van OM wat binne een week bekend gemaak sal word. / KSW compiled a contingency plan and practice runs will be done after it is approved. It is currently edited to be in line with OM's disaster management plan which is part of the revised IDP that will be published within one week.

KSW sal sy insette aan die ombudsman rakende die gebrek aan voldoende polisiebeamptes op Kleinmond gee. / KSW will give its input to the ombudsman regarding the shortage of police officials in Kleinmond.

Die nuwe radio's en flitse wat vir die patrollies aangekoop is, werk goed. / The new radios and flashlights that were purchased for the patrols work well.

#### **14. Afsluiting / Closing**

.....  
Gustave Erlank  
Voorsitter / Chairperson

.....  
Vic Brink  
Sekretaris / Secretary

.....  
Datum / Date